

Skriflesing: Joël 2:12-32Teks: **Joël 2:28-29****Sing- Ps. 97:1,7; Ps. 94:7,12; Ps. 30:3; Sb.14:1,2 (8-1:1,2); Ps.71:1,9 (Diamantvallei)****Joël 2:12-32****Joe 2:12** Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweën en rouklag.**Joe 2:13** En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;**Joe 2:14** wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat—'n spysoffer en 'n drankoffer aan die HERE julle God.**Joe 2:15** Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam!**Joe 2:16** Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek.**Joe 2:17** Laat die priesters, die dienaars van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o HERE, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God?**Joe 2:18** Toe het die HERE geywer vir sy land en sy volk verskoon.**Joe 2:19** En die HERE het geantwoord en aan sy volk gesê: Kyk, Ek stuur vir julle koring en mos en olie, sodat julle daarvan versadig word, en Ek maak julle nie meer tot 'n voorwerp van smaad onder die nasies nie.**Joe 2:20** Ja, Ek sal die sprinkaanswerm, uit die noorde afkomstig, van julle af wegjaag en dit wegdrywe na 'n dor en woeste land; sy voorhoede na die Oostelike See en sy agterhoede na die Westelike See toe. En sy stank sal opstyg, en 'n slegte reuk uit hom opgaan; want hy het alte groot dinge gedoen.**Joe 2:21** Wees nie bevrees nie, o aarde, juig en wees bly, want die HERE doen groot dinge!**Joe 2:22** Wees nie bevrees nie, diere van die veld, want die weivelde van die woestyn spuit uit, want die bome dra hulle vrugte, die vyeboom en die wingerdstok lewer hulle drag!**Joe 2:23** En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die HERE julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen.**Joe 2:24** Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van mos en olie oorloop.**Joe 2:25** En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het—my groot leërmag wat Ek teen julle gestuur het.**Joe 2:26** Dan sal julle oorvloedig eet en versadig wees en die Naam van die HERE julle God prys wat wonderbaar met julle gehandel het, en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.**Joe 2:27** En julle sal weet dat Ek in die midde van Israel is, en dat Ek die HERE julle God is, en niemand anders nie; en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.**Joe 2:28** En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.**Joe 2:29** En ook op die diensknepte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.**Joe 2:30** En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare.**Joe 2:31** Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom.**Joe 2:32** En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygemaaktes die wat die HERE sal roep.**Skriflesing:** Joël 2:12-32

Teks: **Joël 2:28-29**

Sing- Ps. 97:1,7; Ps. 94:7,12; Ps. 30:3; Sb.14:1,2 (8-1:1,2)

In ons reeks rondom die profete, waar ons dan veral op die kleiner profete wil let, broeder en suster, weet ons dat hulle het nie as enkelinge opgetree nie. Heel waarskynlik het sommige van hulle mekaar ook geken en in baie opsigte kon saamwerk, ook wanneer ons hoor wat die Here deur hulle wil spreek. So moet ons al van die vroegste profete, Elia en Elisa saamgroepeer. Hosea en Amos hoort saam. Vandag sien ons Joël en Obadja hoort ook saam. So ook die profete na die ballingskap is manne wat saamgepraat en God se Woord wat een is, is uit hulle monde één gemaak. Haggai, Sagaria, Maleagi hoort ook weer saam, in een groep almal na-ballingskap profete. Ons is egter nou nog met die voor-ballingskap manne besig.

So drie weke gelede het ons al gelet op Hosea, die man wat kon wys dat aan God se liefde is daar geen einde nie. Hy wat met 'n prostituut moes trou om die allergrootste opofferende liefde wat daar kan wees te moes uitstal. Sy eie persoon en huwelik wat soveel geduld met die ontugtige vrou moes betoon maar het ons gesien dit alles was maar 'n padkaart, 'n padbord na God se liefde. Die geduld en die liefde wat God met sy volk, sy kinders moet betoon kan nooit genoegsaam saamgevat word nie.

Saam met Hosea moet ons groepeer Amos. Hom sal ons DV later in meer besonderhede by uitkom. Hosea wat wys op God se liefde, Amos wys weer op God se reg. God wat geen onreg duld nie, daarvoor sal God soos 'n leeu brul, die ongeregtigheid sal gestraf word. Wanneer ons egter vandag die boek Joël oopmaak dan is Joël weer 'n profeet saam met Obadja. Hulle albei het in Juda gewerk, die suidelike ryk. Joël self was heel waarskynlik 'n inwoner van Jerusalem. In die kern van die stad vóór die ballingskap tree Joël op in die tyd toe Joas koning was.

Nogal 'n opvallende kenmerk van Joël en Obadja se profesie is dat beide van hulle na binne en na buite werk. Na binne praat hulle hard met hulle eie volk, ja binne die gemeente van daardie tyd is dinge nie reg nie. Maar beide Joël en Obadja profeteer ook na buite. Die vyande van God se volk, hulle wat hulle verlekker oor God se volk so swaarkry, hierdie vyande van die kerk moet weet hulle dag kom wat hulle ook gestraf sal word. Al dink hulle God bestaan nie, al mag sommige dink, God sien nie ons raak nie, gou sal hulle agterkom die

God wat hulle gedink het Hy is maar niks, dié God sal Hom ook aan die vyande van sy volk openbaar. Die dag sal kom...ja hierdie woorde... DIE DAG SAL KOM... dit is geen ligtelike uitdrukking in wat ons hier lees nie. Hierin is baie saamgevat.

In die uitdrukking die dag sal kom is iets onheilspellend maar ook terselfdertyd iets geloofwaardig. Die dag wat die straf sal kom, ook wanneer God se vyande wat ons vyande moet wees, gestraf sal word, maar vir God se kinders is dit dan 'n blye tyd, 'n heilstyd, 'n tyd wat alles in Christus sy krag en heerlijkheid bevat. Lank vóór Christus nog gebore was, was Hy die Een wat deur die profete sy eie koms geprofeteer het. Onthou in die lees van al die profete kan ons nie 'n enkele oomblik die Profeet tussen die profete stilmaak nie. Dit is die Profeet Jesus Christus wat deur die profete spreek. Die Gees van Christus is die Gees wat die profetewoord gespreek het.

As ons in besonder na Joël kyk dan wil dit lyk hier is geen datum, geen aanduiding van wat in die wêreld aangaan nie, geen aanduiding presies waar Joël vandaan kom nie, hier word niks verduidelik van hoe hy hierdie openbaring van God ontvang het nie. Was dit deur 'n gesig, 'n droom, niks word hieroor gesê nie. Al wat ons lees is dat die Woord van die Here het tot Joël die seun van Petuel gekom. Ons ken ook nie Petuel nie. Wat ons egter gou moet opval is dat Joël was wel iemand met besondere skrywers talent. Digterlik en prosa-gewys staan ons hier voor 'n gedeelte hoog in letterkundige waarde. Sy boodskappe bou op mekaar en vloei die een gedagte logies die volgende een binne. Oumense, jongmense, Joël is lief om tog tussen die jonges en die oues te onderskei, dan val dit op hy begin juis by die oumense, want hulle is die mense wat uit hulle herinneringe en uit hulle ervarings die jonges baie dinge kan leer. So begin hy in vers 2- *2 Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land!* En dan kom vers 3 wat eintlik al aandui hier gaan iets gebeur wat selfs die oudstes nie vantevore kon wederveraar nie. Die kinders gaan nog lank hieroor bly praat, geslag na geslag gaan hieroor bly praat.

Kom ons dan by wat die oues en jonges, by wat die geslagte kon hoor, ons hoofgedagtes soos volg groepeer- Eerstens die dag wat dui op sprinkane, droogte verwoesting. Tweedens die alternatief, daar kan bekering wees, want as hierdie bekering plaasvind, daar is regtig

verandering onder die mense dan sal alles anders kan wees. Laastens die Heilige Gees is die Een wat vir ons hier tot in die fynste besonderhede alles en in almal God se teenwoordigheid uitspel. Eerste dan –

Die dag wat dui op sprinkane en verwoesting:

Joël begin wat mens die gebeure die naaste aan die grond kan noem. Sonder landbou kan 'n land nie voortgaan nie. Daar is dan geen kos nie. Wanneer Joël so met die landbou begin deur te wys wat sprinkaanplaag na sprinkaanplaag veroorsaak het met nog ook 'n groot droogte, dan bly daar niks oor nie. Ja, die Hebreëus is 'n uitgebreide taal as dit by insekte en besonder sprinkane kom. Daar is 7 verskillende Hebreëuse name wat dui op verskeie soorte sprinkane. Hierdie baie soorte van sprinkane laat eenvoudig niks maar niks agterbly nie. Swerm na swerm word onderskei tot die laaste, die vierde swerm verby is, dan is alles wat groen was, as daar nog iets kon wees vir mens en dier om te eet dan het die laaste swerm die laaste stukkie opgevrete. Hy beskryf in die fynste detail die geweldige groot skades wat aangerig word. Hy sien in die bek van die sprinkaan die skerpste krag, selfs voel die bek van 'n sprinkaan vir hom soos 'n leeubek -- vv 6-7 teken die skerpste van tande denkbaar.

In hierdie bek van die sprinkaan, in die wegvreet van die laaste stukkie kos, moet ons nie God miskyk nie. As Joël hierop ingaan dan gebruik hy eintlik verskillende oproepe tot bekering, mense moet luister, mense moet aandag gee, mense moet dit vertel wat gaan gebeur, hierdie drie opdragte staan direk verbind aan drie dinge wat by die mens opgewek moet word... wees nugter deur selfondersoek te doen, die tyd het gekom om te huil en jou voor God uit te huil, jou te verootmoedig. Dit wat God se volk oor hulleself bring, God word direk daardeur geraak. Daarom dat hfst. 1 ook verskillende beelde gebruik, deur die beeld van 'n pasgetroude bruid te gebruik, daarna die beeld van 'n verslae boer en laastens die priesters wat rouklere moet aantrek.

Die volk moet treur soos 'n pasgetroude bruid wat haar geliefde moes begrawe, maar geliefdes by die bruid, die boere en die priesters moet hulle eintlik oor dieselfde dinge verslae wees, Joël vat hulle as't ware elke keer terug kerk-toe, terug na die tempel. Die ontwrigte

tempeldiens is die rede waarom die bruid, die boer, die priester hulle diepste rou na vore moet bring. Die bruid wat hartseer is, die boer wat verslae staan oor daar geen oes oorgebly het, die sprinkaan, die droogte het alles verwoes. En dan kom Joël deur direk die godsdienstige leiers aan te spreek, priesters wat hulle rouklere moet aantrek, selfs moet hulle dit in die nag dra, want God het geen behae in godsdiens sonder die hart nie. Koue formele, plig-godsdiens, so asof ek dien maar God omdat ek hom moet dien, maar my hart en my lewe is nie by Hom. Wie God is nie, so 'n godsdiens is vir God 'n gruwel. Die Heilige Gees wat ons netnou by my mag uitkom, Hy moet lewe bring, Hy wek die lewe. Hier is eintlik 'n geweldige kontras- die sprinkaan maak die land leeg, daar bly niks oor nie, terwyl as die Heilige Gees werk dan maak die Gees nie leeg nie, maar die Heilige Gees maak vol. Trouens dit wat Petrus op Pinksterdag gepreek het, toe het hy uit Joël gepreek, die deel wat ons vandag gelees het, spesifiek oor die Gees wat gaan kom. 'n Kernaspek in Petrus se boodskap was, ons is nie dronk nie, ons is nie vol wyn soos sommige van julle dink nie, maar ons is vol van die Heilige Gees.

Wanneer ons hierdie eerste punt by Joël afsluit van sprinkaan en verwoesting- om leeg te maak- dan vat Joël dit saam deur te wys God se dag gaan kom wanneer julle dink daar kan niks erger as hierdie sprinkane wees nie, maar God gaan teen sy vyande kan optrek waar daar niks lewend gaan oorbly nie. Onthou hoe het Joël begin deur te wys die dinge wat gaan gebeur wat selfs die oumense jou niks van kan sê nie. Hulle ken dit ook nie! Die verskriklike gebeure wat daar in die natuur kan plaasvind en dinge wat die lewe van die gelowige omkeer kan nie vanmekaar geskei word nie. Die dinge in die natuur, soos die sprinkane of ook die ander natuurrampe waarna Joël verwys is die gevolg van mense wat nie meer opreg God wil dien nie.

Daarom dat Joël almal oproep tot bekering. Dit is dan ook ons tweede gedagte-

As daar bekering plaasvind dan sal alles anders kan wees:

Eerste praat Joël met die priesters, die kerkleiers- hoofstuk 2:1 *1 Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom...* Bekering is soos Joël dit beskryf om met jou hele hart na die volk terug te keer. Ja, daardie woorde wat mens dikwels ander of jouself hoor sê – ek sal nie kan verander

nie, of om om te draai is nie vir my moontlik nie. Gewoonlik voel jy tot op 'n punt gedryf as jy dit oor jouself sê. Ek weet net nie meer hoe om verder te gaan nie. Mense kan dit sê, maar ander kere dan mag 'n gemeente in wat die gemeente se bestaan en voortgang is dieselfde begin voel. Hoe sal dit weer kan beter gaan. Ons weet nie meer om dit wat tans aan die gang is, om te keer nie. Ja, in die verband van die GKSA verdien dit baie aandag, die omkeer-proses wat in die laaste sinode-mond (2012) na die kerk-mond oorgeplaas is, bekend as die “omkeerstrategie”.

Uit Joël kry mens eintlik die duidelikste antwoord wat geen ander antwoord kan vervang nie. As jy nie meer weet hoe om die dinge om te draai nie, draai na die Here toe. Dit is 'n sentrale tema dwarsdeur hierdie profesie. Ons enigste kans om aan te gaan is op die Here gerig te wees. Dit is al wat kan werk. So kom jy in verbinding met wat besig is om verkeerd te gaan maar kan jy dan ook hoor wat God van ons verwag, die Here maak bekend, die eintlike dinge wat moet gebeur.

Eintlik het dit alles met 'n kruispad in jou en my lewe te doen. Die een kruising wat altyd jou lewe sal kruis is ons verbondenheid aan die Here, daar waar Joël vir sy volk wys hier is 'n groot probleem, daarom is daar geen lewe, geen krag meer oor in wat jy so graag wil ontvang nie, maar hierdie lewens band wat daar met God moet bestaan, dit waarvan alles afhang het gewoonlik 'n ander probleem, die spoor wat die kruising mis, is die realiteite van ons daaglikse bestaan, die roetines waarbinne ons vasgekeer is, ons verkeer onder enorme druk, ons is tog so besig, m.a.w. om aan God te dink en my verhouding met die Here, daar kom baie weinig daarvan tereg.

As die Here ons dan terugroep dan doen Hy dit deur ons te herinner aan die buitengewone dinge wat daar plaasvind. Vir die lesers van Joël was die buitengewone die geweldige klomp sprinkane, met die groot skades wat dit kon aanrig, maar dit is belangrik dat as jy werklik weer na God terugkeer, dan leer jy uit die verlede maar jy leef nie asof jy nog in die verlede leef nie. Die verlede dien as aansporing om vorentoe te kyk en dadelik moet daar bekering wees. Die volk moet 'n dag afsprek waar hulle alles net so laat staan en hulle kom voor die Here bymekaar. Daar moet niks anders hulle aandag aftrek nie. Dan moet die priesters die

leiding neem en hulle moet by die Here om vergiffenis pleit. Die priesters kan sorg dat hulle en hulle volk nie meer 'n bespotting vir die ander nasies sal wees nie. Ja, op hierdie dag moet selfs die bruidegom sy wittebrood kan onderbreek om by die Here te pleit. Ja, op hierdie dag dan kan hulle in alles die dag van die Here in oënskou neem. God wat 'n behae daarin het dat ons as sy kinders ons harte voor Hom oopmaak. God maak dan dinge anders dat dit werklik anders sal wees.

Waar Joël aanvanklik die dag van die Here aangekondig het as is 'n dag wat naby, as 'n dag wat donker sal wees, donker, donker swerms sprinkane wat alles oortrek en niks ontsien nie, maar as daar bekering is dan herroep God sy oordele. In die Hebreeus is die woord vir bekering en die woord vir herroep dieselfde werkwoord. Aangrypend dat God sê op grond van julle bekering bring Ek in myself 'n omkeer. Ja, dit gaan vêrder dat as die volk tot bekering kom dan gaan God hulle lot omkeer, dan wys God waarlik weer hoe groot Hy is en hoe groot sy genade is. Laat alles staan om net aan hierdie een saak aandag te gee, dan gee God op grond van hierdie een saak, bekering, dan gee God aandag aan al die ander sake. Dan sal dit met al die ander sake anders wees.

Broeder en suster, want as ons na die laaste deel van die profesie van Joël kan aanbeweeg, hoe God dinge anders kan maak, dat dit nie meer so nodig is om bang te wees nie, dat daar 'n loflied tot eer van die Here gesing kan word. Die Here herstel die land en die landerye, die Here laat die reën betyds kom, alles weer dinge uit die natuur uit, die grond praat dan weer genadetaal, koring, wyn en olie, basiese lewensmiddele is meer as genoeg. Waar Israel 'n voorwerp van beskimping en spot onder die nasies geword het, sal hulle nou 'n gemeenskap kan wees wat kan toekyk hoe God die ander nasies straf oor hulle met Israel wil mors.

En dan die hoogtepunt van alles, dit wat vanaf vers 27 staan, is as God Hom bekend maak as die God wat in hulle midde wil woon. Hy wat alleen God is, Hy wil by hulle wees. Dan beweeg ons na die laaste punt wat vandag moet uitstaan-

God se teenwoordigheid word tot in die fynste besonderhede uitgespel:

Broeder en suster, Joël is onder die profete die boek wat Petrus op Pinksterdag eerste na gegryp het. Dit is nie maar toevallig nie! Hand 2:16-18 dan is daar by Petrus geen

onsekerheid dat wat op Pinksterdag gebeur is wat God lank reeds tevore deur die profeet Joël gespreek het. Die Heilige Gees is die finale bevestiging van God se teenwoordigheid in ons lewens. Ons weet dat in die woestyntog, die rigtertyd en die tempelperiode toe was die ark van die Here die simbool van God se teenwoordigheid. 'n Groot deel van die Ou Testament het daarop gewys dat die tempel is die plek waar jy God sou vind.

Nou profeteer Joël iets wat Israel nog nooit van kon hoor, kon aanskou, hulle kon hulleself dit baie moeilik indink maar dit is wat gaan gebeur. God sal Hom deur sy Heilige Gees laat ken. God sal Hom deur sy Heilige Gees by elk van sy kinders teenwoordig maak. Die Heilige Gees wat op al God se kinders sal kom, ongeag hoe oud jy is, wat jou geslag is, wat jou beroep is, die Heilige Gees gaan die lewe oopmaak. Joël sien die oopmaak van die lewe tot in die fynste besonderhede. God hou nie terug dat Hy geken kan word nie. Sy Woord is sy openbaring- *28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.*

29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet. Dit dui op 'n nuwe tyd, maar broeder en suster, as Joël Pinksterdag profeteer as die begin van die dag van die Here, want ons hou dit heelyd vas, Joël gaan primêr om die dag van die Here, waar jy by die Here moet uitkom, jy moet kan omdraai want sluit ons vandag af met hierdie geweldige treffende woorde wat Joël daar neergepen het- die laaste vers van hfst. 2- *32 En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep.*

Ons besef daar gaan nog swaar dinge in die dae wees. Joël wys ook maar nog weer op die bloed en die vuur en die rook en die duisternis wat daar op die aarde sal wees, voordat die werklike finale en deurlugtige dag van die Here kom, dan is daar baie swaar dae, maar niks neem weg dit wat God se redding vir ons beteken nie. Joël praat van die ontkoming op die berg Sion en in Jerusalem, sy tuisstad, ja Sion dui op kerk-wees, Jerusalem dui op kind-wees, mens wees, die lewe van elke dag, die kerk en die lewe hoort bymekaar, ja vers 23 en vers 32 hoort bymekaar. Dit trek direkte lyne na mekaar toe.

Vers 23 praat van die kinders van Sion juig en hulle is bly, want God het op hulle laat neerdaal die leraar tot geregtigheid. Broeder en suster, hierdie leraar kan net Jesus Christus wees. En uit Hom het God laat neerdaal nie net Hom Jesus Christus nie, maar die Heilige Gees het uit die Vader en uit die Seun neergedaal. Soos reën wat uit alle seisoen kan kom, so het Hy deur God na ons gekom, sy Seun Jesus Christus, sy Heilige Gees, God doen groot dinge, dit beaam Joël. God is in ons midde, God die Een wat die dinge anders kan maak dat dit anders sal wees.

Ook in jou lewe kan daar ontkoming wees, jy kan vryraak van wat vir jou baie swaar mag wees, want dit is 'n belofte van God. Die Heilige Gees maak ons lewens vol en die Heilige Gees doen dinge wat dui op die dag van uitkoms, maar dan moet jy by Sionsberg wees, in ons terme Joël wil hê sy volk moet ophou om elkeen net vir homself en sy lewe te sorg. Joël is by uitstek 'n profeet wat daarop wys, gelowiges moet kan saamkom, hulle moet kan saamstaan, in die gesamentlike lê daar krag, daar is 'n eenheid, saam kan daar gebid word, moet daar gebid word waar mense hulle harte en hulle gedagtes saamgebind voor God kan plaas. Om hierdie rede is die profete ook saamgesnoer soos ons in die begin van die preek daarop gewys het.

AMEN